

MINERALE- EN PETROLEUMHULPBRONNE-TANTIÈME

Wat is nuut?

- **28 Januarie 2019 - Hoof data stelselvrystelling (RAV01)**
 Hierdie vrystelling sluit die registrasie en intekening van bestaande MPRR-belastingpligtiges op die nuwe stelsel in, asook die skep van die belastingpligtige se rekening. Hierdie stappe is afhanklik van die skoonmaak van die hoof data (volledig en korrek). Nuwe regs persoon registrasies en/of nuwe intekeninge vir MPRR sal deur die RAV01-vorm, wat die ou MPR1-vorm vervang, geskep word. 'n Nuwe MPRR-rekeningnommer (ook na verwys as di MPRR-belastingverwysingsnommer) sal geskep word en sal begin met "814...".
- **1 Oktober 2018 - Minerale- en Petroleumhulpbronne-tantièmeopgawe (MPR3)**
 SARS het 'n nuwe vorm in werking gestel vir minerale- en petroleumhulpbronne-opgawe en betalingsadvies. Die vorm is beskikbaar vir aflaaï vanaf 1 Oktober 2018 en die bestaande MPRR-belastingpligtiges sal verwag word om die nuwe MPRR-opgawe en betalingsdata-vorm te voltooi:

 - Die ou Minerale- en Petroleumhulpbronne-betalingsadvies (MPR2) en Minerale- en Petroleumhulpbronne-opgawe (MPR3) is in een Minerale- en Petroleumhulpbronne-opgawe (MPR3) geïnkorporeer. Om te verklaar, moet die nuwe MPR3-opgawe voltooi word.
 - Die MPR3-opgawe is opgedateer met die mineraalsoort, eenheid van meting en volume oorgedra (hoeveelheid), van mineraal verkoop, wat voorheen nie in die MPR3 ingesluit was nie.
 - Die MPR3-vorm is gestandaardiseer om vir al die eienskappe voorsiening te maak, naamlik indienings-, betalings- en opgaweverpligtinge hieronder:

MPR3-vorm	Indiening	Betaling
1ste Skatting	Eerste geskatte opgawe moet ingedien word ses (6) maande na die begin van die jaar van aanslag.	Eerste betaling - 50% van geskatte totale aanspreeklikheid vir die jaar van aanslag - ses (6) maande na die begin van die finansiële jaar.
2de Skatting	Tweede geskatte opgawe moet ingedien word aan die einde van die jaar van aanslag (dus teen die einde van 12 maande na die begin van die jaar van aanslag - toepaslik indien geen verandering aangebring is aan die finansiële jaareinde nie).	Tweede betaling - balans van geskatte totale aanspreeklikheid vir die jaar van aanslag - teen finansiële jaareinde (dus voor die einde van 12 maande na die begin van die jaar van aanslag - van toepassing indien geen verandering aan die finansiële jaareinde gemaak is nie).
3de Opsionele/Aanvullende	'n Opsionele derde optop opgawe, na verwys as die "return of excess", kan gebruik word om bykomende aanspreeklikheid vir die jaar van aanslag te verklaar, waarvoor daar nie voorsiening voor gemaak was in die eerste en tweede geskatte opgawes nie (dus, indien vereis, op of voor die einde van die 18 maande na die begin van die jaar van aanslag - toepaslik indien geen verandering aan die finansiële jaareinde gemaak is nie).	Opsionele aanvulling derde betaling - Bedrae wat nie voor voorsiening gemaak was in die eerste en tweede skattings vir die jaar van aanslag nie (dus, indien nodig, voor die einde van 18 maande na die begin van die jaar van aanslag - van toepassing indien geen verandering aan die finansiële jaareinde gemaak is nie).
Finale verrekening	'n Jaarlikse opgawe moet ingedien word 12 maande na die einde van die jaar van aanslag vir finale rekonsiliasie doeleindes.	Finale aanspreeklikheidsverrekening - 12 maande na jaareinde, waar finale opgawe-aanspreeklikheid die betalings oorskry wat vir 1ste en 2de skattings en opsionele 3de betaling gemaak is.

- Betalings moet verkieslik deur eFiling gemaak word na die SARS-rekening en elke betaling moet deur 'n voltooide MPR3-opgawe vergesel wees. Betalings kan deur die eFiling "Additional Payments"-funksie gemaak word (ook na verwys as "Ad Hoc"-betaling) na die "MINR"-belastingsoort.
- Betalings kan ook deur elektroniese fondsoorplasing (EFO) gemaak word of oor die toonbank by 'n banktak, deur die "SARS Other"-opsie te kies en die 19-syfer betalingverwysingsnommer (PRN) toe te pas. Hierdie is nie die voorkeur kanaal nie en moet slegs gebruik word indien eFiling nie 'n opsie is nie.

- Die 19-syfer PRN is die "TAXREFNUMBX00000155". Elke betaling moet deur die voltooide "Mineral and Petroleum Resources Royalty"-opgawe (MPR3) voltooi word.
- Na 7 Desember 2018, sal 'n nuwe MPRR-belastingverwysingsnommer, wat begin met "814..." aan MPRR-belastingpligtiges, wat op die nuwe stelsel geregistreer en ingeteken is, toegeken word.

Top wenk: MPRR-belastingpligtiges word aangemoedig om so gou as moontlik na eFiling as betalingskanaal oor te skakel. Dit sal die belastingpligtige tyd gee om enige moontlike stelsel-integrasie met eFiling en goedkeuringsvereistes op hul rekening- en betalingstelsels op te los. Die EFO-bankkanale sal afgeskaf word vir MPRR-betalings na 31 Maart 2019, wat beteken dat alle MPRR-betalings slegs deur die eFiling-kanaal betaalbaar sal wees.

Na 31 Maart 2019, sal eFiling die ENIGSTE betalingskanaal vir MPRR wees.

Wat moet 'n belastingpligtige doen om aan die eFiling-kanaalvereistes te voldoen?

- Indien jy reeds eFiling gebruik en betalings deur eFiling maak:
 - Gebruik voortaan SLEGS die eFiling-proses om MPRR-betalings te maak
- Indien jy nog nie eFiling gebruik nie en nie betalings deur eFiling maak nie:
 - Die proses om voortaan nie EFO-betalings deur aanlynbankdienste of oor die toonbank by banktakke te maak nie
 - Registree vir eFiling indien nie reeds geregistreer is om ander belasting deur eFiling in te dien nie
 - Dien jou bankbesonderhede op eFiling in vir betalings aan SARS
 - Verskaf enige versoekte inligting by SARS in om bankbesonderhede te bevestig

Wat is MPRR?

In die verlede was minerale- en petroleumhulpbronne in privaat besit en dus die betaling vir ontginning van hierdie hulpbronne slegs onder bepaalde omstandighede aan die staat betaalbaar, bv. waar ontginning op staatsgrond plaasgevind het.

Om Suid-Afrika in lyn te bring met heersende internasionale norms, het die Departement van Minerale en Energie die Wet op Ontwikkeling van Minerale- en Petroleumhulpbronne, 2002 (MPRDA) bekendgemaak, ingevolge waarvan hierdie hulpbronne as die gemene nalatenskap van al die mense van Suid-Afrika erken met die staat as bewaarder daarvan tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

Die minister van finansies moet, ingevolge artikel 3(4) van die MPRDA, die staatsheffing bepaal en hef by wyse van 'n parlementswet. Die minister het dit gedoen deur die bekendstelling van die Wet op Minerale- en Petroleumhulpbronne-tantième, asook die Wet op Minerale- en Petroleumhulpbronne-tantième (Administrasie), 2008, wat beide deur SARS geadministreer word.

Die tantième word tot aanleiding gegee met die oordrag van 'n mineraaltantième wat binne die republiek ontgin is. Soos met alle ander belasting, regte, heffings, fooie of geld wat deur SARS ingevorder word, word die tantième wat ingevorder word aan die Nasionale Inkomstefonds oorbetaal.

Vir wie is dit?

Die volgende persone moet vir die betaling van hierdie tantième aan SARS registreer:

- Enige persoon wat 'n prospekterreg, retensiepermit, verkenningsreg, mynreg, mynpermit of produksiereg of 'n huurkontrak of onderverhuuringskontrak ten opsigte van sodanige reg het; of
- Enige persoon wat 'n mineraalhulpbron, wat binne die Republiek ontgin is, wen of herwin.

Watter stappe moet ek volg?

Die entiteit moet as belastingpligtige geregistreer wees deur die RAV01-vorm te voltooi en die nodige stawende dokumente in te dien. Indien jy vir die eerste keer by SARS registreer en nog nie 'n belastingnommer het nie, moet jy die entiteit- en MPRR-registrasies by 'n SARS-tak doen. Jy kan ook die voltooide MPR1 na die SARS-tak neem. Sodra geregistreer, kan die entiteit vir MPRR intekening. Vir navrae oor registrasie, kan die SARS-kontaksentrum geskakel word by 0800 00 7277 of die naaste SARS-tak kan besoek word.

Sodra registrasie voltooi is en 'n belastingnommer is uitgereik, kan die entiteit vir eFiling registreer, wat 'n gratis en gemaklike manier is om met SARS in wisselwerking te wees. Die entiteit sal op eFiling vir MPRR kan inteken deur die voltooiing van die RAV01-vorms in die MPRR-afdeling.

Sodra registrasie en intekening in plek is, sal die verklaringproses volg. Die voltooide MPR3-opgawe moet per e-pos gestuur word aan mineralroyalty@sars.gov.za.

Wat is die koers vir die tantième?

Die koers vir die tantième word bepaal volgens 'n formule soos uiteengesit in subafdelings (1) en (2) van artikel 4 van die Wet op Minerale- en Petroleumhulpbronne-tantième, 2008 en tref onderskeid tussen die veredelde en onveredelde kondisies van die mineraalbronne en is tans as volg:

- vir veredelde mineraalbronne: die minimum van 0.05% tot 'n maksimum van 5%
- vir onveredelde mineraalbronne: die minimum van 0.5% tot 'n maksimum van 7%.

Wanneer en hoe moet die tantième betaal word?

Betalings kan deur die eFiling-kanaal gemaak word deur die gebruik van die Additional Payment opsie. Let wel dat bankkanale afgeskaf sal word vir MPRR-betalings na 31 Maart 2019, wat beteken dat alle MPRR-betalings slegs deur eFiling betaalbaar sal wees. 'n eFiling-kanaal moet opgestel word vir elke MPRR-belastingpligtige en alle betalings moet deur hierdie kanaal gemaak word om seker te maak dat geen kwessie ondervind word wanneer bankkanale afgeskaf word nie.

Neem kennis dat elke betaling deur 'n voltooide MPR3 (nuwe) vorm vergesel moet wees, soos vereis deur wetgewing, vir die twee voorlopige betalings, die derde oorskotbetaling en die finale opgawe (indien verdere betaling nodig is).

Fase	Beskrywing	Datum van vrystelling	Uitslag van vrystelling
Fase 1 <ul style="list-style-type: none"> • MPR3-vorm (nuut) 	Nuwe MPR3-opgawe (vorm) vrygestel. Die vorm sluit die vorige MPR2-betalingsadvies/opgawe in, asook die ou MPR3. Die RAV01 sal steeds gebruik word om as regspersoon te registreer (enkelregistrasie), en die MPR01 vir intekening op MPRR	1 Oktober 2018	Suksesvol vrygestel, gepubliseer en in gebruik vanaf 1 Oktober 2018. Alle MPRR-opgawes moet op hierdie nuwe MPR3 ingedien word, selfs vir vorige tydperke.
Fase 2 <ul style="list-style-type: none"> • RAV01 vir intekening op MPRR • Stelseloplossing vir registrasie en intekening 	Hoof data stelselvrystelling en registrasie van die belastingpligtige. Skepping van die belastingpligtige se rekening en bevestiging van intekening op MPRR (afhanklike - hoof data moet skoongemaak word). Die rekeningnommer (MPRR-belastingverwysingsnommer) sal begin met "814...". Nuwe registrasies en intekeninge vir MPRR sal ingedien word deur die nuwe RAV01-vorm (wat die MPR1-vorm vervang). Verwys na die registrasie-blad op die SARS-webtuiste vir meer inligting.	25 Januarie 2019	Verloop na verwagting
Fase 3 <ul style="list-style-type: none"> • Nuwe eFiling-betalingskanaal vir MPRR • Deaktivering van huidige betalingskanale 	Nuwe eFiling-betalingskanaalvrystelling. Deaktivering van die ander huidige betalingskanale - deur EFT en oor die toonbank-betalings by banktakke (payments@banks), asook die huidige kanaal beskikbaar op eFiling vir MPRR-betalings.	Na 31 Maart 2019 (sal nog bevestig word)	Vrystellingsdatum sal bevestig en aan belastingpligtiges gekommunikeer word
Fase 4 <ul style="list-style-type: none"> • Nuwe eFiling-kanaal - indiening van opgawes 	Vrystelling van die eFiling-kanaal vir die indiening van opgawes.	Na Junie 2019 (sal nog bevestig word)	Vrystellingsdatum sal bevestig en aan belastingpligtiges gekommunikeer word
Fase 5	Vrystelling van die eAccount en rekeningstaat op eFiling om die MPRR-belastingpligtiges in	Na September	Vrystellingsdatum sal bevestig en aan

<ul style="list-style-type: none"> • Volledige en finale vrystelling • eAccount • Rekeningstaat 	staat te stel om die rekening in stand te hou. Dit is die volledige rekeningfunktionaliteit en finale vrystelling.	2019 (sal nog bevestig word)	belastingpligtiges gekommunikeer word
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	------------------------------	---------------------------------------

Jy kan toegang tot die opgedateerde MPRR eksterne gids en MPR3-vorm hieronder verkry:

- [Mineral and Petroleum Resources Royalties External Guide](#)
- [MPR3 Mineral and Petroleum Resources Royalty Return External Form](#)